

Maandag 24 Mei

Skrifgedeelte: Jeremia 42:1 –
43:13

Fokusgedeelte: Jeremia 42:1 –
43:13

God bring hoop en redding deur swaarkry heen

Die volk Israel het afgode aanbid. Toe het die Here hulle laat wegvoer na Babel. 'n Klompie, waaronder Jeremia, het in Jerusalem agtergebly. Nou kom van hulle na Jeremia met die versoek dat hy die Here moet vra waarheen hulle moet gaan, wat hulle moet doen? Maar hulle het klaar besluit om na Egipte te vlug en Jeremia saam te vat.

Baie duidelik sê die Here dat hulle moet bly, dan sal Hy hulle bou. Die Here is in beheer van alles en almal, ook die koning van Babel. Hulle wat agtergebly het, belowe om wel God se wil te doen, net om daarna die belofte te verbreek. Hulle het reeds besluit wat hulle gaan doen en vra dan net God se “goedkeuring”. 'n Alte menslike optrede. Maak ons nie dikwels ook so nie?

Dan vlug hulle na Egipte. Ten spyte van Jeremia se waarskuwings dat hulle teen die Woord van die Here oortree. Dan wil hulle nog die boodskapper, Jeremia, doodmaak omdat hy nie sê wat hulle graag wil hoor nie. Dit werk vandag nog so. As ons nie hou van die Here se boodskap nie, sê ons maklik die verkondiger van die Woord bring nie die regte boodskap nie!

Waarom laat God dat sy profeet so sleg behandel word? As ons in alle opregtheid die Woord bring en op teenstand stuit, kan ons weet: hulle het die profete voor ons ook vervolg (Matt. 5:11, 12).

Daar is 'n ander kant. Jeremia moet simbolies klippe begrawe in die ingang na die farao se paleis. Dit dui op Nebukadnesar wat Egipte gaan inval en verower. Soos by die uittog wys die Here wéér: Hy is sterker as die afgode van Egipte.

In watter krisis jy ook al is, hoe bekommerd ons ook is oor ons land en sy mense: God is die sterker Een. In Jesus Christus het Hy reeds oorwin. Leef elke dag in die versekering dat Hy alle mag in hemel en op aarde het!

Sing: Skrifberyming 2-2:1, 2

Ds. JF Mouton (Koos) (Emeritus)